

REPUBLIEK  
VAN  
SUID-AFRIKA



REPUBLIC  
OF  
SOUTH AFRICA

# Staatskoerant Government Gazette

**R0,80** Prys • Price  
**R0,08** Plus 10% BTW • VAT  
**R0,88** Verkoopprys • Selling price  
Buitelands **R1,10** Other countries  
Posvry • Post free

*As 'n Nuusblad by die  
Poskantoor geregistreer  
Registered at the Post Office  
as a Newspaper*

Vol. 319

PRETORIA, 3 JANUARIE 1992  
JANUARY

No. 13723

## GOEWERMENSKENNISGEWINGS

### SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

No. 152

3 Januarie 1992

WET OP DEPOSITONEMENDE INSTELLINGS, 1990

AANWYSING VAN BEDRYGWIGHEDE WAT NIE BINNE DIE BETEKENIS VAN "DIE BEDRYF VAN 'N DEPOSITONEMENDE INSTELLING" VAL NIE (HANDELSPAPIER EN SKULDBRIEWE)

Kragtens paragraaf (cc) van die omskrywing van "die bedryf van 'n depositonemende instelling" in artikel 1 van die Wet op Depositonemende Instellings, 1990 (Wet No. 94 van 1990), wys ek, Jan Hendrik van Greuning, Registrateur van Depositonemende Instellings, met die goedkeuring van die Minister van Finansies en vir die tydperk wat op die datum van hierdie Kennisgewing begin en op 31 Desember 1992 verstryk—

(a) die bedrywigheid wat in paragraaf 2 van die Bylae uiteengesit word en wat verrig word ooreenkomstig die voorwaardes wat in paragraaf 4 van die Bylae uiteengesit word; en

(b) die bedrywigheid wat in paragraaf 5 van die Bylae uiteengesit word en wat verrig word ooreenkomstig die voorwaardes wat in paragraaf 6 van die Bylae uiteengesit word,

hierby aan as bedrywighede wat nie binne die betekenis van "die bedryf van 'n depositonemende instelling" val nie.

**J. H. VAN GREUNING,**

Registrateur van Depositonemende Instellings.

## GOVERNMENT NOTICES

### SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

No. 152

3 January 1992

DEPOSIT-TAKING INSTITUTIONS ACT, 1990

DESIGNATION OF ACTIVITIES NOT FALLING WITHIN THE MEANING OF "THE BUSINESS OF A DEPOSIT-TAKING INSTITUTION" (COMMERCIAL PAPER AND DEBENTURES)

Under paragraph (cc) of the definition of "the business of a deposit-taking institution" in section 1 of the Deposit-taking Institutions Act 1990 (Act No. 94 of 1990), I, Jan Hendrik van Greuning, Registrar of Deposit-taking Institutions, hereby designate, with the approval of the Minister of Finance and for the period commencing on the date of this Notice and expiring on 31 December 1992—

(a) the activity set out in paragraph 2 of the Schedule and which is performed in accordance with the conditions set out in paragraph 4 of the Schedule; and

(b) the activity set out in paragraph 5 of the Schedule and which is performed in accordance with the conditions set out in paragraph 6 of the Schedule,

as activities which do not fall within the meaning of "the business of a deposit-taking institution".

**J. H. VAN GREUNING,**

Registrar of Deposit-taking Institutions.

**BYLAE****Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Wet" die Wet op Depositonemende Instellings, 1990 (Wet No. 94 van 1990), en het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"die Regulasies" die Regulasies aangaande Depositonemende Instellings, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2799 van 30 November 1990;

"handelspapier"—

(a) 'n korttermyn gesekureerde of ongesekureerde promesse met 'n vaste of vlottende vervaltyd;

(b) skuldbriewe; en

(c) enige ander gesekureerde of ongesekureerde skriftelike erkenning van verskuldigheid,

uitgereik vir 'n tydperk korter as 12 maande en, met ingang van 'n datum drie maande na die datum van hierdie Kennisgewing, ook onmiddellik opvraagbare obligasies, maar nie ook likwiede of illikwiede depositonemende instelling aksepte nie;

"skuldbrief" enige rentedraende skriftelike erkenning van verskuldigheid uitgereik vir 'n tydperk van 12 maande of langer en hernubaar vir 'n tydperk nie korter as 12 maande nie.

**HANDELSAPIER****Aangewese bedrywigheid**

2. Die opneem, deur 'n instelling vermeld in paragraaf 3, van geld van die algemene publiek teen die uitreiking deur so 'n instelling van handelspapier ooreenkomstig die voorwaardes in paragraaf 4 uiteengesit.

**Instellings gemagtig om handelspapier uit te reik**

3. Die instellings beoog in paragraaf 2 is die volgende, naamlik—

(1) 'n maatskappy—

(a) wat op die datum van die uitreiking deur hom van die handelspapier nie 'n depositonemende instelling is nie; en

(b) wat op 'n tydstip nie vroeër nie as 12 maande voor die beoogde uitreiking van die handelspapier netto bates, soos deur sy ouditeure gesertifiseer en in sy geouditeerde finansiële state aangegee, met 'n totale waarde van meer as R100 miljoen gehou het: Met dien verstande dat by die berekening van die totale waarde van sodanige netto bates—

(i) onliggaamlike bates wat nie geredelik bemarkbaar is nie buite rekening gelaat moet word;

(ii) bates wat verhipotekeer, verpand of andersins beswaar is ten einde 'n verpligting te sekureer buite rekening gelaat moet word tot die bedrag van die verpligting wat aldus gesekureer is; en

(iii) die totale bedrag van die maatskappy se buitebalansstaat verpligtinge en voorwaardelike verpligtinge afgetrek moet word;

**SCHEDULE****Definitions**

1. In this Schedule "the Act" means the Deposit-taking Institutions Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear such meaning and, unless the context otherwise indicates—

"commercial paper" means—

(a) as short term secured or unsecured promissory note with a fixed or floating maturity;

(b) debentures; and

(c) any other secured or unsecured written acknowledgement of debt,

issued for a period of less than 12 months and, as from a date three months after the date of this Notice, includes call bonds, but does not include liquid or illiquid deposit-taking institutions' acceptances;

"debenture" means any interest bearing written acknowledgement of debt issued for a period of 12 months or longer and renewable for a period of not less than 12 months;

"the Regulations" means the Regulations relating to Deposit-taking Institutions published under Government Notice No. R. 2799 of 30 November 1990.

**COMMERCIAL PAPER****Designated activity**

2. The acceptance, by an institution specified in paragraph 3, of money from the general public against the issue by such institution of commercial paper in accordance with the conditions set out in paragraph 4.

**Institutions authorised to issue commercial paper**

3. The institutions contemplated in paragraph 2 are the following, namely—

(1) a company—

(a) which at the date of the issue by it of the commercial paper is not a deposit-taking institution; and

(b) which at a point in time not earlier than 12 months prior to the proposed issue of the commercial paper held net assets, as certified by its auditors and reflected in its audited financial statements, to a total value exceeding R100 million: Provided that in the calculation of the total value of such net assets—

(i) intangible assets which are not readily marketable shall be excluded;

(ii) assets which are mortgaged, pledged or otherwise encumbered to secure a liability shall be excluded to the amount of the liability so secured; and

(iii) the total amount of the company's off-balance-sheet liabilities and contingent liabilities shall be deducted;

(2) 'n maatskappy (hieronder in hierdie subparagraaf die filiaal genoem)—

(a) wat op die datum van die uitreiking deur hom van die handelspapier nie 'n depositonemende instelling is nie; en

(b) wat, ten opsigte van sy netto bates, nie aan die bepalings van subparagraaf (1) (b) voldoen nie, maar die houermaatskappy waarvan, met betrekking tot die beoogde uitreiking van handelspapier deur die filiaal, aan die bepalings van subparagraaf (1) (b) voldoen, mits—

(i) sodanige houermaatskappy homself sonder enige beperking, solidêr en skriftelik teenoor die beleggers in die filiaal se handelspapier verbind vir die behoorlike nakoming van al die filiaal se verpligtinge teenoor sodanige beleggers ten opsigte van die handelspapier deur die filiaal uitgereik;

(ii) sodanige houermaatskappy, gedurende die tydperk terwyl die handelspapier wat deur die filiaal uitgereik is uitstaande is en nie afgelos is nie, prominent en onder 'n toepaslike hoof in sy geouditeerde finansiële jaarstate en in enige prospektus vir die uitreiking deur so 'n houermaatskappy van aandele of skuldbriewe, die feit openbaar dat hy homself aldus verbind het ten opsigte van die handelspapier deur die filiaal uitgereik; en

(iii) die filiaal 'n filiaal van sodanige houermaatskappy bly vir solank as wat enige van die handelspapier deur hom uitgereik, uitstaande is en nie afgelos is nie;

(3) 'n maatskappy—

(a) wat op die datum van die uitreiking deur hom van die handelspapier nie 'n depositonemende instelling is nie; en

(b) wat aan nóg die bepalings van subparagraaf (1) (b) nóg die bepalings van subparagraaf (2) (b) voldoen, mits—

(i) die handelspapier deur hom uitgereik deur 'n depositonemende instelling sonder enige beperking en ooreenkomstig gevestigde gebruik ten opsigte van verhandelbare of nie-verhandelbare stukke geëndosseer word, tot die mate dat dit 'n effektiewe waarborg daarstel vir die behoorlike nakoming van al die uitreikende maatskappy se verpligtinge ten opsigte van die handelspapier teenoor die beleggers daarin; en

(ii) die verpligting deur so 'n endossement geskep deur die endosserende depositonemende instelling in sy finansiële state en in die opgawes wat ingevolge die Regulasies deur hom ingedien moet word, aangegee word, welke verpligting onderworpe is aan 'n risikogewig van 100 persent;

(4) die Sentrale Regering soos omskryf in regulasie 1 van die Regulasies;

(5) ander openbare sektorliggame, soos omskryf in regulasie 1 van die Regulasies, wat op 'n tydstip nie vroeër nie as 12 maande voor die beoogde uitreiking van die handelspapier netto bates [bereken *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van die voorbehoudbepaling by paragraaf 3 (1) (b)], soos deur hul ouditeure gesertifiseer en in hul geouditeerde finansiële state aangegee, met 'n totale waarde van meer as R100 miljoen gehou het;

(2) a company (hereinafter in this subparagraph referred to as the subsidiary)—

(a) which at the date of the issue by it of the commercial paper is not a deposit-taking institution; and

(b) which does not comply, in respect of its net assets, with the provisions of subparagraph (1) (b), but the holding company of which complies, in relation to the proposed issue of commercial paper by the subsidiary, with the provisions of subparagraph (1) (b), provided—

(i) such holding company without any limitation in writing binds itself, jointly and severally, to the investors in the subsidiary's commercial paper for the due performance of all the subsidiary's obligations to such investors in respect of the commercial paper issued by the subsidiary;

(ii) such holding company, during the period while the commercial paper issued by the subsidiary is outstanding and is not redeemed, prominently and under an appropriate heading discloses in its audited annual financial statements and in any prospectus for the issue by such holding company of shares or debentures, the fact that it has so bound itself in respect of commercial paper issued by the subsidiary; and

(iii) the subsidiary remains a subsidiary of such holding company for so long as any of the commercial paper issued by it is outstanding and is not redeemed;

(3) a company—

(a) which at the date of the issue by it of the commercial paper is not a deposit-taking institution; and

(b) which complies with neither the provisions of subparagraph (1) (b) nor the provisions of subparagraph (2) (b),

provided—

(i) the commercial paper issued by it is endorsed by a deposit-taking institution without any limitation and in accordance with established practice in respect of negotiable or non-negotiable instruments, so as to effectively guarantee the due performance of all the issuing company's obligations in respect of the commercial paper to the investors therein; and

(ii) the liability created by such endorsement is reflected by the endorsing deposit-taking institution in its financial statements and the returns to be submitted by it in terms of the Regulations, which liability shall be subject to a risk weighting of 100 per cent;

(4) the Central Government as defined in regulation 1 of the Regulations;

(5) other public sector bodies, as defined in regulation 1 of the Regulations, which at a point in time not earlier than 12 months prior to the proposed issue of the commercial paper held net assets [calculated *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of the proviso to paragraph 3 (1) (b)], as certified by their auditors and reflected in their audited financial statements, to a total value exceeding R100 million;



(6) ander openbare sektorliggame, soos omskryf in regulasie 1 van die Regulasies, wat nie netto bates soos in subparagraaf (5) bedoel, hou nie, mits die handelspapier wat deur so 'n ander openbare sektorliggaam uitgereik word—

(a) deur 'n uitdruklike regeringswaarborg gerugsteun word; of

(b) deur 'n deponemende instelling geëndosseer word, welke endossement onderworpe is aan die toepaslike risikogewig wat in die Regulasies voorgeskryf word; en

(7) enige ander instelling, die opneem deur wie van geld van die algemene publiek teen die uitreiking van handelspapier, wat kragtens die Wet by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys is as 'n bedrywigheid wat nie binne die betekenis van "die bedryf van 'n deponemende instelling" val nie.

#### **Algemene voorwaardes vir die uitreiking van handelspapier**

4. Die uitreiking van handelspapier ingevolge hierdie Kennisgewing is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(1) Alle uitreikings van handelspapier, behalwe sodanige uitreikings deur die instellings vermeld in paragrafe 3 (4), 3 (5), 3 (6) (a) en 3 (7), moet deur 'n deponemende instelling geëndosseer word, en die verpligting deur so 'n endossement geskep, moet deur die endosserende deponemende instelling in sy finansiële state en in die opgawes wat ingevolge die Regulasies deur hom ingedien moet word, aangegee word, en so 'n verpligting is, in die geval van die endossering van 'n uitreiking van handelspapier deur 'n maatskappy vermeld in paragraaf 3 (1) of 3 (2), onderworpe aan 'n risikogewig van 50 persent.

(2) Handelspapier moet uitgereik word, en is oordraagbaar, in minimum bedrae van R1 miljoen wat nie gesplits mag word nie.

(3) Enige persoon mag in handelspapier belê, maar slegs een belegger mag op enige gegewe tydstip 'n voordelige belang in 'n individuele handelspapierbedrag hê.

(4) Handelspapier kan uitgereik word teen 'n vaste of vlottende rentekoers en kan deur die uitreiker daarvan aangewend word om 'n mark daarin te maak.

(5) Die fondse wat deur middel van die uitreiking van handelspapier opgeneem staan te word, moet vir 'n spesifieke doel wat deur die uitreiker daarvan onderneem staan te word, toegewys word en mag nie, behalwe in die geval van fondse aldus opgeneem deur 'n instelling vermeld in paragraaf 3 (4), (5) of (6), direk of indirek vir die toestaan van geldlenings of krediet aan die algemene publiek in oortreding van die bepalinge van die Wet aangewend word nie.

(6) 'n Uitreiker van handelspapier, behalwe 'n uitreiker bedoel in paragrafe 3 (4) en 3 (6) (a), moet, in 'n plasingdokument, minstens die volgende inligting openbaar aan alle persone wat uitgenooi word om op sodanige handelspapier in te skryf:

(a) Of die bepaalde uitgifte genoteer staan te word of nie;

(6) other public sector bodies, as defined in regulation 1 of the Regulations, which do not hold net assets as contemplated in subparagraph (5), provided the commercial paper issued by such other public sector body is—

(a) backed by an explicit government guarantee; or

(b) endorsed by a deposit-taking institution, which endorsement shall attract the applicable risk weighting prescribed in the Regulations; and

(7) any other institution, the acceptance by whom of money from the general public against the issue of commercial paper which has under the Act been designated by notice in the *Gazette* as an activity not falling within the meaning of "the business of a deposit-taking institution".

#### **General conditions for the issue of commercial paper**

4. The issue of commercial paper in terms of this Notice shall be subject to the following conditions:

(1) All issues of commercial paper, except such issues by the institutions referred to in paragraphs 3 (4), 3 (5), 3 (6) (a) and 3 (7), shall be endorsed by a deposit-taking institution and the liability created by such endorsement shall be reflected by the endorsing deposit-taking institution in its financial statements and the returns to be submitted by it in terms of the Regulations, and such liability shall, in the case of the endorsement of an issue of commercial paper by a company specified in paragraph 3 (1) or 3 (2), be subject to a risk weighting of 50 per cent.

(2) Commercial paper shall be issued and be transferable in minimum denominations of R1 million which may not be split.

(3) Any person may invest in commercial paper but only one investor may hold a beneficial interest in any one commercial paper amount at any single point in time.

(4) Commercial paper may be issued at a fixed or floating interest rate and may be utilised for market making therein by the issuer thereof.

(5) The funds to be raised through the issue of commercial paper shall be assigned for a specific purpose to be undertaken by the issuer thereof and may not, except in the case of funds so raised by an institution specified in paragraph 3 (4), (5) or (6), be applied, directly or indirectly, for granting money loans or credit to the general public in contravention of the provisions of the Act.

(6) An issuer of commercial paper, except an issuer referred to in paragraphs 3 (4) and 3 (6) (a), shall, in a placing document, disclose at least the following information to all persons who are invited to subscribe for such commercial paper:

(a) Whether or not the particular issue is to be listed;

(b) die spesifieke doel waarvoor die fondse wat deur middel van die uitreiking van die handelspapier opgeneem staan te word, toegewys word;

(c) of die handelspapier gesekureer of ongesekureer sal wees;

(d) of daar enige wesentliche nadelige verandering in die uitreiker se finansiële toestand sedert die datum van sy jongste geouditeerde finansiële state was, al dan nie; en

(e) of die uitreiking in alle opsigte aan die bepalings van hierdie Kennisgewing voldoen, al dan nie.

(7) 'n Handelspapiersertifikaat moet minstens die volgende inligting bevat:

(a) Die bedrag van die sertifikaat;

(b) die rentekoers betaalbaar (indien van toepassing) ten opsigte van die handelspapier en die datums (indien van toepassing) waarop rentebetelings gedoen sal word;

(c) die uitreikingstermyn of hernuwingstermyn van die handelspapier;

(d) die vervaldatum of hernuwigingsdatum van die handelspapier;

(e) die spesifieke doel waarvoor die fondse opgeneem deur middel van die uitreiking van die handelspapier toegewys is;

(f) of die handelspapier genoteer is of nie; en

(g) of die handelspapier gesekureer is of nie; en

(h) of die handelspapier deur 'n regeringswaarborg gerugsteun word of nie.

(8) 'n Depositonemende instelling wat soos in hierdie Kennisgewing beoog handelspapieruitgifte endoseer, moet duidelik in sy opgawe op vorm DI 100, soos in die Regulasies voorgeskryf, daardie deel van sy sake wat op sodanige endossemente betrekking het, aantoon.

(9) Die instellings vermeld in paragrawe 3 (4), (5), (6) (a) en (7) moet nie later nie as die vyftiende sakedag van elke maand aan die Registrateur 'n skriftelike staat verstrek wat die volgende inligting bevat:

(a) Die totale bedrag van die fondse gedurende die vorige maand verkry (indien enige) deur middel van die uitreiking van handelspapier;

(b) die vervalltermyn van elke sodanige uitreiking van handelspapier; en

(c) die doel waarvoor die fondse deur middel van elke sodanige uitreiking opgeneem, aangewend sal word.

## SKULDBRIEWE

### Aangewese bedrywigheid

5. Die opneem, deur enige persoon, van geld van die algemene publiek teen skuldbriewe uitgereik ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet en die voorwaardes in paragraaf 6 uiteengesit.

(b) the specific purpose for which the funds to be raised through the issue of the commercial paper are assigned;

(c) whether the commercial paper is to be secured or unsecured;

(d) whether or not there has been any material adverse change in the issuer's financial position since the date of its last audited financial statements; and

(e) whether or not the issue complies in all respects with the provisions of this Notice.

(7) A commercial paper certificate shall contain at least the following information:

(a) The denomination of the certificate;

(b) the interest rate payable (if applicable) in respect of the commercial paper and the dates (if applicable) on which interest payments will be made;

(c) the issue term or renewal term of the commercial paper;

(d) the maturity date or renewal date of the commercial paper;

(e) the specific purpose for which the funds raised through the issue of the commercial paper are assigned;

(f) whether or not the commercial paper is listed;

(g) whether or not the commercial paper is secured; and

(h) whether or not the commercial paper is backed by a government guarantee.

(8) A deposit-taking institution which endorses commercial paper issues as contemplated in this Notice shall clearly indicate in its return of form DI 100, as prescribed in the Regulations, that component of its business which relates to such endorsements.

(9) The institutions specified in paragraphs 3 (4), (5), (6) (a) and (7) shall not later than the fifteenth business day of each month furnish the Registrar with a written statement containing the following information:

(a) The total amount of the funding obtained (if any) during the previous month through the issue of commercial paper;

(b) the period of maturity of each such issue of commercial paper; and

(c) the purpose to which the funds raised through each such issue will be applied.

## DEBENTURES

### Designated activity

5. The acceptance, by any person, of money from the general public against debentures issued in accordance with the provisions of the Companies Act and the conditions set out in paragraph 6.

**Algemene voorwaardes vir die uitreiking van skuldbriewe**

6. Die uitreiking van skuldbriewe ingevolge hierdie Kennisgewing is aan die volgende voorwaardes onderworpe:

(1) Die skuldbriewe—

(a) moet vir 'n vaste termyn uitgereik word; en

(b) kan uitgereik word teen 'n vaste of vlottende rentekoers.

(2) Indien die markmaakbedrywighede in 'n skuldbriefuitreiking in wese neerkom op die aanwending van sodanige skuldbriewe vir die doel van funderingsbedrywighede gerig op 'n tydperk korter as 12 maande, word sodanige uitreiking van skuldbriewe geag 'n uitreiking te wees van, en is dit onderworpe aan die bepalings van hierdie Kennisgewing met betrekking tot handelspapier.

(3) Die fondse wat deur middel van die uitreiking van die skuldbriewe opgeneem staan te word, moet vir 'n spesifieke doel wat deur die uitreiker daarvan onderneem staan te word, toegewys word en mag nie, behalwe in die geval van fondse aldus opgeneem deur 'n instelling vermeld in paragraaf 3 (4), (5) of (6), direk of indirek vir die toestaan van geldlenings of krediet aan die algemene publiek in oortreding van die bepalings van die Wet aangewend word nie.

(4) Die naam van die primêre lener van fondse uit hoofde van die uitreiking van die skuldbriewe moet prominent op die skuldbriefsertifikaat verskyn.

(5) Die bepalings van—

(a) paragraaf 4 (6) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van elke plasingdokument of prospektus wat op 'n uitreiking van skuldbriewe betrekking het; en

(b) paragraaf 4 (7) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van elke skuldbriefsertifikaat.

**General conditions for the issue of debentures**

6. The issue of debentures in terms of this Notice shall be subject to the following conditions:

(1) The debentures—

(a) shall be issued for a fixed term; and

(b) may be issued at a fixed or floating interest rate.

(2) If the market-making activities in a debenture issue in effect result in the utilisation of such debentures for the purpose of funding activities directed at a period shorter than 12 months, such debenture issue shall be deemed to be an issue of, and be subject to the provisions of this Notice relating to, commercial paper.

(3) The funds to be raised through the issue of the debentures shall be assigned for a specific purpose to be undertaken by the issuer thereof and may not, except in the case of funds so raised by an institution specified in paragraph 3 (4), (5) or (6), be applied, directly or indirectly, for granting money loans or credit to the general public in contravention of the provisions of the Act.

(4) The name of the ultimate borrower of funds by virtue of the issue of the debentures shall appear prominently on the debenture certificate.

(5) The provisions of—

(a) paragraph 4 (6) shall be applicable, *mutatis mutandis*, in respect of every placing document or prospectus relating to an issue of debentures; and

(b) paragraph 4 (7) shall be applicable, *mutatis mutandis*, in respect of every debenture certificate.

**No. 153****3 Januarie 1992****WET OP DEPOSITONEMENDE INSTELLINGS, 1990**

AANWYSING VAN 'N BEDRYGWIGHEID WAT NIE BINNE DIE BETEKENIS VAN "DIE BEDRYF VAN 'N DEPOSITONEMENDE INSTELLING" VAL NIE (SEKURITERINGSKEMAS)

Kragtens paragraaf (cc) van die omskrywing van "die bedryf van 'n depositonemende instelling" in artikel 1 van die Wet op Depositonemende instellings, 1990 (Wet No. 94 van 1990), wys ek, Jan Hendrik van Greuning, Registrateur van Depositonemende Instellings, met die goedkeuring van die Minister van Finansies die bedrywigheid wat in paragraaf 2 van die Bylae uiteengesit word en wat verrig word ooreenkomstig die voorwaardes wat in paragrawe 3 en 4 van die Bylae uiteengesit word hierby aan as 'n bedrywigheid wat nie binne die betekenis van "die bedryf van 'n depositonemende instelling" val nie.

**J. H. VAN GREUNING,**

Registrateur van Depositonemende Instellings.

**No. 153****3 January 1992****DEPOSIT-TAKING INSTITUTIONS ACT, 1990**

DESIGNATION OF AN ACTIVITY NOT FALLING WITHIN THE MEANING OF "THE BUSINESS OF A DEPOSIT-TAKING INSTITUTION" (SECURITISATION SCHEMES)

Under paragraph (cc) of the definition of "the business of a deposit-taking institution" in section 1 of the Deposit-taking Institutions Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), I, Jan Hendrik van Greuning, Registrar of Deposit-taking Institutions, hereby designate, with the approval of the Minister of Finance, the activity set out in paragraph 2 of the Schedule and which is performed in accordance with the conditions set out in paragraphs 3 and 4 of the Schedule, as an activity which does not fall within the meaning of "the business of a deposit-taking institution".

**J. H. VAN GREUNING,**

Registrar of Deposit-taking Institutions.



**BYLAE**

1. In hierdie Bylae beteken **"die Wet"** die Wet op Depositonemende Instellings, 1990 (Wet No. 94 van 1990), en het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

**"eendoel-instelling"** 'n maatskappy ingelyf of 'n trust geskep uitsluitlik vir die doel van die implementering van 'n sekuriteringskema.

**"geassosieerde maatskappy"**, met betrekking tot 'n depositonemende instelling, 'n filiaal of medefiliaal van daardie depositonemende instelling en ook 'n geassosieerde maatskappy, soos omskryf in paragraaf .06 van Rekeningkundige Standaard RE.110 uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, van daardie depositonemende instelling;

**"onderliggende transaksie"** die transaksie waarin 'n bate wat ingevolge 'n sekuriteringskema deur 'n depositonemende instelling aan 'n eendoel-instelling oorgedra word, sy oorsprong gehad het;

**"sekuriteringskema"** 'n skema waarkragtens 'n depositonemende instelling van sy bates wat uit geldelike eise bestaan, uit hoofde van 'n verkoopstransaksie aan 'n eendoel-instelling oordra;

2. Die opneem, deur 'n eendoel-instelling, van geld van die algemene publiek teen die uitreiking deur die eendoelinstelling van skriftelike erkennings van verskuldigheid, vir die doel van die verkryging van fondse om vir die bates wat ingevolge 'n sekuriteitskema deur 'n depositonemende instelling aan hom oorgedra word, te betaal, mits—

(a) daar aan al die voorwaardes uiteengesit in paragraaf 3 ten opsigte van die eendoel-instelling en aan al die voorwaardes uiteengesit in paragraaf 4 ten opsigte van die oordrag van die bates, voldoen word; en

(b) geen ander verpligtinge as verpligtinge wat direk of indirek met die implementering van die sekuriteringskema in verband staan deur die eendoel-instelling aangegaan word nie.

3. Die voorwaardes ten opsigte van die eendoel-instelling is soos volg:

(a) Ten einde 'n sekuriteitskema in werking te stel, moet die betrokke depositonemende instelling en eendoel-instelling 'n ooreenkoms aangaan ingevolge waarvan die eendoelinstelling van die depositonemende instelling 'n portefeulje bates sal verkry om as rugsteun te dien vir die skriftelike erkennings van verskuldigheid wat deur die eendoel-instelling uitgereik staan te word soos beoog in subparagraaf (b);

(b) die uitreiking van skriftelike erkennings van verskuldigheid deur die eendoel-instelling met die doel om homself te fundeer soos in paragraaf 2, moet geskied ooreenkomstig die toepaslike bepalings (uitgesonderd enige sodanige bepalings betreffende die endossering van handelspapier deur 'n depositonemende instelling) van enige kennisgewing kragtens die Wet waarby die neem van deposito's van die algemene publiek deur middel van die uitreiking van handelspapier of skuldbriewe aangewys word as 'n bedrywigheid wat nie binne die betekenis van "die bedryf van 'n depositonemende instelling" val nie;

**SCHEDULE**

1. In this Schedule **"the Act"** means the Deposit-taking Institutions Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear such meaning and, unless the context otherwise indicates—

**"associated company"**, in relation to a deposit-taking institution, means a subsidiary or fellow subsidiary of that deposit-taking institution and includes an associated company, as defined in paragraph .06 of Accounting Statement AC.110 issued by the South African Institute of Chartered Accountants, of that deposit-taking institution;

**"securitisation scheme"**, means a scheme whereby a deposit-taking institution transfers to a special-purpose institution, by virtue of a sale, such of its assets as consist of claims sounding in money;

**"special-purpose institution"** means a company incorporated or a trust created solely for the purpose of the implementation of a securitisation scheme;

**"underlying transaction"** means the transaction in which an asset transferred by a deposit-taking institution to a special-purpose institution in terms of a securitisation scheme had its origin.

2. The acceptance, by a special-purpose institution, of money from the general public against the issue by the special-purpose institution of written acknowledgements of debt for the purpose of obtaining funds to pay for the assets transferred to it by a deposit-taking institution in terms of a securitisation scheme, provided—

(a) all of the conditions set out in paragraph 3 in respect of the special-purpose institution and all of the conditions set out in paragraph 4 in respect of the transfer of the assets are complied with; and

(b) no liabilities other than liabilities directly or indirectly relating to the implementation of the securitisation scheme are incurred by the special-purpose institution.

3. The conditions in respect of the special-purpose institution are as follows:

(a) To commence a securitisation scheme, the deposit-taking institution and the special-purpose institution concerned shall conclude an agreement in terms of which the special-purpose institution shall acquire from the deposit-taking institution a portfolio of assets to serve as backing for the written acknowledgements of debt to be issued by the special-purpose institution as contemplated in subparagraph (b);

(b) the issuing of written acknowledgements of debt by the special-purpose institution for the purpose of funding itself as contemplated in paragraph 2, shall be effected in accordance with the applicable provisions (excluding any such provisions relating to the endorsement of commercial paper by a deposit-taking institution) of any notice under the Act whereby the acceptance of deposits from the general public by way of the issue of commercial paper or debentures is designated as not falling within the meaning of "the business of a deposit-taking institution";

(c) in die geval van 'n betaling gedoen ingevolge 'n onderliggende transaksie, moet die bedrag aldus in betaling ontvang deur die eendoel-instelling aangewend word uitsluitlik vir die aflossing van erkennings van verskuldigheid deur hom uitgereik soos beoog in subparagraaf (b) of vir die verkryging van verdere bates soos beoog, en vir die doel uiteengesit, in paragraaf 4 (f);

(d) nóg die depositonemende instelling nóg enige van sy geassosieerde maatskappye mag—

(i) in die geval van 'n eendoel-instelling wat 'n maatskappy is, enige aandele in sodanige eendoel-instelling verkry of hou; of

(ii) in die geval van 'n eendoel-instelling wat óf 'n maatskappy óf 'n trust is, direk of indirek enige voordelelike belang in so 'n eendoel-instelling hou of 'n begunstigde daarvan wees of direk of indirek enige beheer daaroor uitoefen of dit bestuur;

(e) geen lid van die raad van direkteure en geen trustee, na gelang van die geval, van die eendoel-instelling mag 'n lid van die raad van direkteure of 'n trustee, na gelang van die geval, van die depositonemende instelling of enige van sy geassosieerde maatskappye wees nie;

(f) die naam van die eendoel-instelling mag nie die naam van die depositonemende instelling of van enige van sy geassosieerde maatskappye insluit, of enige verbintenis met die depositonemende instelling of enige sodanige maatskappye aandui nie;

(g) surpluswins wat deur die eendoel-instelling opgehoop word, moet soos volg aangewend word:

(i) Terwyl die sekuriteitskema aan die gang is, moet sodanige wins deur die eendoel-instelling behou word en aangewend word as 'n gebeurlikheidsreserve vir die beveiliging van beleggers in die erkennings van verskuldigheid wat deur die eendoel-instelling uitgereik is;

(ii) in die geval van die likwidasië of ontbinding van die eendoel-instelling kan sodanige wins aan die betrokke depositonemende instelling, aan aandeelhouders in of begunstigdes van die eendoel-instelling of aan die houders van erkennings van verskuldigheid deur die eendoel-instelling uitgereik, oorbetal word, en die voorgenome verdeling van sodanige wins moet in die prospektus van die sekuriteringskema uiteengesit word;

(h) nóg die depositonemende instelling nóg enige van sy geassosieerde maatskappye mag—

(i) enige herhalende uitgawes ten opsigte van die sekuriteringskema dra;

(ii) tydelike finansiering aan die eendoel-instelling verskaf ten einde kontanttekorte te dek wat ontstaan uit vertraagde betalings ten opsigte van onderliggende transaksies of nie-prestering van skulde wat deur die depositonemende instelling of so 'n geassosieerde maatskappy in die hoedanigheid van 'n bedieningsagent geadministreer word;

(c) in the case of a payment made in terms of an underlying transaction, the amount so received in payment shall be utilised by the special-purpose institution only for the redemption of acknowledgements of debt issued by it as contemplated in subparagraph (b) or for the acquisition of further assets as contemplated, and for the purpose set out, in paragraph 4 (f);

(d) neither the deposit-taking institution nor any of its associated companies may—

(i) in the case of a special-purpose institution which is a company, acquire or hold any shares in such special-purpose institution; or

(ii) in the case of a special-purpose institution which is either a company or a trust, directly or indirectly hold any beneficial interest in or be a beneficiary of or directly or indirectly exercise any control over or manage such special-purpose institution;

(e) no member of the board of directors and no trustee, as the case may be, of the special-purpose institution shall be a member of the board of directors or be a trustee, as the case may be, of the deposit-taking institution or any of its associated companies;

(f) the name of the special-purpose institution shall not include the name of the deposit-taking institution or any of its associated companies, or imply any association with the deposit-taking institution or any of such companies;

(g) excess profit accumulated by the special-purpose institution shall be applied as follows:

(i) While the securitisation scheme is in progress, such profit shall be retained by the special-purpose institution and utilised as a contingency reserve for the protection of investors in the acknowledgements of debt issued by the special-purpose institution;

(ii) in the event of the winding-up or dissolution of the special-purpose institution such profit may be paid over to the deposit-taking institution concerned, to shareholders in or beneficiaries of the special-purpose vehicle or to the holders of acknowledgements of debt issued by the special-purpose institution, and the proposed distribution of such profits shall be set out in a prospectus of the securitisation scheme;

(h) neither the deposit-taking institution nor any of its associated companies shall—

(i) bear any recurring expenses in respect of the securitisation scheme;

(ii) provide temporary finance to the special-purpose institution to cover cash shortfalls arising from delayed payment in respect of underlying transactions or the non-performance of debts administered by the deposit-taking institution or such associated company in its capacity of a servicing agent;



(iii) enige verlies dra ontstaan uit enige tipe risiko bedoel in regulasie 11 (1) (g) van die Regulasies aangaande Depositnemende Instellings, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2799 van 30 November 1990, waaraan die eendoel-instelling blootgestel is; of

(iv) die uitreiking van die erkennings van verskuldigheid deur die eendoel-instelling onderskryf of op enige wyse waarborg; en

(i) die raad van direkteure of die trustees, na gelang van die geval, van die eendoel-instelling moet 'n ouditeur aanstel wat, benewens sy normale pligte as ouditeur, daartoe verplig is om—

(i) homself daarvan te vergewis dat, op grondslag van die inligting deur die eendoel-instelling aan hom verstrekk, die bepalings van hierdie Bylae met betrekking tot die bedryf van die sekuriteringskema nagekom sal word; en

(ii) indien hy homself aldus vergewis het, 'n verklaring te dien effekte te verstrekk, welke verklaring opgeneem moet word in die prospektus wat met betrekking tot die sekuriteringskema deur die eendoel-instelling uitgereik staan te word

4. Die voorwaardes ten opsigte van die oordrag van die bates is soos volg:

(a) Die oordrag moet van so 'n aard wees dat die oordraggewende depositnemende instelling en al sy geassosieerde maatskappye algeheel ontdoen van alle regte en verpligtinge wat voortspruit uit die onderliggende transaksies en van alle risiko's in verband met die bates wat oorgedra is;

(b) geen oordrag mag bewerkstellig word wat 'n verbreking van enige bepaling van enige van die onderliggende transaksies tot gevolg sal hê nie;

(c) die eendoel-instelling het geen regresreg teen die depositnemende instelling of enige van sy geassosieerde maatskappye nie ten opsigte van enige verlies gely in verband met enige van die bates na die oordrag daarvan ingevolge die sekuriteringskema: Met dien verstande dat die depositnemende instelling na goeddunke enige bate wat ingevolge die sekuriteringskema oorgedra is, uitgesonderd 'n nie-presterende bate, met 'n gelykwaardige bate kan vervang;

(d) die ooreenkoms tussen die depositnemende instelling en die eendoel-instelling met betrekking tot die sekuriteringskema moet van so 'n aard wees dat, in die geval van die wysiging van die bepalings van 'n onderliggende transaksie, die eendoel-instelling, en nie die depositnemende instelling of enige van sy geassosieerde maatskappye nie, aan die bepalings soos aldus gewysig onderworpe sal wees;

(e) indien betalings verskuldig ingevolge 'n onderliggende transaksie gedoen word deur die agentuur van die depositnemende instelling wat die bates oorgedra het of van enige an sy geassosieerde maatskappye (dit wil sê, die depositnemende instelling of so 'n geassosieerde maatskappy tree op as 'n bedieningsagent), mag die depositnemende instelling of so 'n geassosieerde maatskappy geen fondse aan die eendoel-instelling ten opsigte van sodanige betalings oordra nie tensy sodanige betalings werklik van die skuldenaar kragtens die onderliggende transaksie ontvang is;

(iii) bear any loss arising from any risk of a type referred to in regulation 11 (1) (g) of the Regulations relating to Deposit-taking Institutions, published under Government Notice No. R. 2799 of 30 November 1990, to which the special-purpose institution is exposed; or

(iv) underwrite or guarantee in any manner the issue of the acknowledgements of debt by the special-purpose institution; and

(i) the board of directors or the trustee, as the case may be, of the special-purpose institution shall appoint an auditor who shall, in addition to his normal duties as auditor, be required—

(i) to satisfy himself that, on the basis of the information presented to him by the special-purpose institution, the provisions of this Schedule with regard to the conducting of the securitisation scheme will be complied with; and

(ii) if he has so satisfied himself, to furnish a statement to that effect, which statement shall be included in the prospectus which is to be issued by the special-purpose institution with regard to the securitisation scheme.

4. The conditions in respect of the transfer of the assets are as follows:

(a) The transfer must be such as to totally divest the transferring deposit-taking institution and all of its associated companies of all rights and obligations originating from the underlying transactions and all risks in connection with the assets transferred;

(b) no transfer may be effected which will result in a breach of any term of any of the underlying transactions;

(c) the special-purpose institution shall have no right of recourse against the deposit-taking institution or any of its associated companies in respect of any loss sustained in connection with any of the assets after the transfer thereof in terms of the securitisation scheme: Provided that the deposit-taking institution may, in its discretion, replace any asset transferred in terms of the securitisation scheme, excluding a non-performing asset, with an equivalent asset;

(d) the agreement between the deposit-taking institution and the special-purpose institution with regard to the securitisation scheme shall be such that, in the event of the terms of an underlying transaction being amended, the special-purpose institution and not the deposit-taking institution or any of its associated companies will be subject to the terms as so amended;

(e) if payments due in terms of an underlying transaction are made by the agency of the deposit-taking institution who had transferred the assets, or of any of its associated companies (that is, the deposit-taking institution or such associated company acts as a servicing agent), the deposit-taking institution or such associated company may not transfer any funds to the special-purpose institution in respect of such payments unless such payments have been actually received from the debtor under the underlying transaction;

(f) nadat 'n sekuriteringskema in werking gestel is, is die oordrag van verdere bates ingevolge daardie skema deur die deponitnemende instelling aan die eendoel-instelling slegs toelaatbaar vir die doel van die handhawing van die kapitaalwaarde van die portefeulje bates wat in die skema ingesluit is; en

(g) die portefeulje bates wat kragtens 'n sekuriteringskema gesekureer is, kan bestaan uit bates wat nie van 'n homogene aard is nie: Met dien verstande dat 'n voorafbepaalde verhouding tussen die verskillende klasse bates wat so 'n portefeulje uitmaak, gehandhaaf moet word solank die betrokke sekuriteringskema bestaan.

5. Indien enige van die voorwaardes in paragrafe 3 en 4 uiteengesit nie by die uitvoering van 'n sekuriteringskema nagekom word nie, moet die bates wat ingevolge daardie skema deur die deponitnemende instelling oorgedra is weer as bates in die balanstaat van die deponitnemende instelling aangegee word vir die doel van die bepaling van die voorsorgsvereistes waaraan die deponitnemende instelling ingevolge die Wet moet voldoen.

(f) after a securitisation scheme has been put into operation, the transfer by the deposit-taking institution to the special-purpose institution of further assets in terms of that scheme shall be permissible only for the purpose of maintaining the capital value of the portfolio of assets included in the scheme; and

(g) the portfolio of assets securitised under a securitisation scheme may consist of assets which are not of a homogeneous nature: Provided that a predetermined ratio between the different classes of assets comprising such a portfolio shall be maintained throughout the existence of the securitisation scheme in question.

5. If any of the conditions set out in paragraphs 3 and 4 are not complied with in the execution of a securitisation scheme, the assets transferred in terms of that scheme by the deposit-taking institution shall again be reflected as assets in the balance sheet of the deposit-taking institution for the purpose of the determination of the prudential requirements with which the deposit-taking institution must comply in terms of the Act.

Werk mooi daarmee.

Ons leef  daarvan.

**water is kosbaar**

Use it.

Don't abuse  it.

**water is for everybody**

## BELANGRIKE AANKONDIGING

### Sluitingstye

- (1) AANSOEKE OM DRANKLISENSIES
- (2) AANSOEKE OM VERPLASINGS VAN LISENSIES

Hiermee word bekendgemaak dat kennisgewings vir aanname die Vrydag, twee kalenderweke voor datum van publikasie, ingedien moet word.

Die sluitingstyd is stiptelik **15:00** op die volgende dae:

- ▷ **19 Desember 1991**, vir die uitgawe van Vrydag **3 Januarie 1992**.
- ▷ **24 Januarie 1992**, vir die uitgawe van Vrydag **7 Februarie 1992**.
- ▷ **21 Februarie 1992**, vir die uitgawe van Vrydag **6 Maart 1992**.
- ▷ **20 Maart 1992**, vir die uitgawe van Vrydag **3 April 1992**.
- ▷ **23 April 1992**, vir die uitgawe van Vrydag **8 Mei 1992**.
- ▷ **21 Mei 1992**, vir die uitgawe van Vrydag **5 Junie 1992**.

L.W.: Laat kennisgewings sal in die daaropvolgende uitgawe geplaas word.

Gegewens word presies weergegee soos verstrek op Vorm 2 en Vorm 28 van voornemende aansoeker.

## IMPORTANT ANNOUNCEMENT

### Closing Times

- (1) APPLICATIONS FOR LIQUOR LICENCES
- (2) APPLICATIONS FOR REMOVAL OF LICENCES

Notice is hereby given that notices are to be submitted for acceptance on the Friday, two calendar weeks before date of publication.

The closing time is **15:00** sharp on the following days:

- ▷ **19 December 1991**, for the issue of Friday **3 January 1992**.
- ▷ **24 January 1992**, for the issue of Friday **7 February 1992**.
- ▷ **21 February 1992**, for the issue of Friday **6 March 1992**.
- ▷ **20 March 1992**, for the issue of Friday **3 April 1992**.
- ▷ **23 April 1992**, for the issue of Friday **8 May 1992**.
- ▷ **21 May 1992**, for the issue of Friday **5 June 1992**.

**Note:** Late notices will be placed in the subsequent issue.

Information will be reflected exactly as furnished on Form 2 and Form 28 of prospective applicant.



Werk mooi daarmee.

Ons leef  daarvan.

**water is kosbaar**

---

Use it.

Don't abuse  it.

**water is for everybody**

---

### **THE ONDERSTEPSPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH**

Die "Onderstepoort Journal of Veterinary Research" word deur die Staatsdrukker, Pretoria, gedruk en is verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, 0001, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die "Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal" wat terugdateer tot 1903 en waarvan 18 verskyn het tot 1932. Dit is gevolg deur 52 volumes van die "Onderstepoort Journal". Tans bestaan elke volume uit vier nommers wat teen R12,50 per kopie of R50 per jaar (BTW ingesluit) binnelands en R15 per kopie of R60 per jaar buitelands van bogenoemde adres posvry verkrygbaar is.

Direkteure van laboratoriums ens. wat begerig is om publikasies om te ruil moet in verbinding tree met die Direkteur, Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde, Pk. Onderstepoort, 0110, Republiek van Suid-Afrika.

---

### **THE ONDERSTEPSPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH**

The Onderstepoort Journal of Veterinary Research is printed by the Government Printer, Pretoria, and is obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, 0001, to whom all communications should be addressed.

This publication is a continuation of the Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal which date back to 1903 and of which 18 have appeared up to 1932. These were followed by 52 volumes of the Onderstepoort Journal. At present each volume comprises four numbers which are obtainable from the above address at R12,50 per copy or R50 per annum (VAT included) local or other countries R15 per copy or R60 per annum.

Directors of laboratories etc. desiring to exchange publications are invited to communicate with the Director, Veterinary Research Institute, P.O. Onderstepoort, 0110, Republic of South Africa.




---

# FILATELIEDIENSTE EN INTERSAPA PHILATELIC SERVICES AND INTERSAPA

HANTEER ALLE FILATELIESE ITEMS VAN DIE RSA  
AMPTELIKE AGENT VIR NAMIBIË, TRANSKEI,  
BOPHUTHATSWANA, VENDA EN CISKEI  
SEËLS, GEDENKKOEVERTE, MAKSIMUMKAARTE  
EN GEMONTEERDE STELLE  
(JAARPAKKE)

HANDLES ALL RSA PHILATELIC ITEMS  
OFFICIAL AGENT FOR NAMIBIA, TRANSKEI,  
BOPHUTHATSWANA, VENDA AND CISKEI  
STAMPS, COMMEMORATIVE ENVELOPES,  
MAXIMUM CARDS AND MOUNTED SETS  
(YEAR PACKS)

**NUWE POSKAARTE - NEW POSTCARDS**  
**VANAF 1 OKTOBER 1991 - AS FROM 1 OCTOBER 1991**



**PRIVAATSAK / PRIVATE BAG X505, PRETORIA, 0001**  
**TEL.: (012) 311-3470/71.**  
**FAKSNR./ FAX NO. (012) 286025**



# BELANGRIK!!

## Plasing van tale:

### *Staatskoerante*

1. Hiermee word bekendgemaak dat die omruil van tale in die *Staatskoerant* jaarliks geskied met die eerste uitgawe in Oktober.
2. Vir die tydperk 1 Oktober 1991 tot 30 September 1992 word Afrikaans EERSTE geplaas.
3. Hierdie reëling is in ooreenstemming met dié van die Parlement waarby koerante met Wette ens. die taalvolgorde deurgaans behou vir die duur van die sitting.
4. *Dit word dus van u, as adverteerder, verwag om u kopie met bogenoemde reëling te laat strook om onnodige omskakeling en stylredigering in ooreenstemming te bring.*

—oOo—

# IMPORTANT!!

## Placing of languages:

### *Government Gazettes*

1. Notice is hereby given that the interchange of languages in the *Government Gazette* will be effected annually from the first issue in October.
2. For the period 1 October 1991 to 30 September 1992, Afrikaans is to be placed FIRST.
3. This arrangement is in conformity with Gazettes containing Act of Parliament etc. where the language sequence remains constant throughout the sitting of Parliament.
4. *It is therefore expected of you, the advertiser, to see that your copy is in accordance with the above-mentioned arrangement in order to avoid unnecessary style changes and editing to correspond with the correct style.*

**INHOUD**

No.		Bladsy No.	Koerant No.
<b>GOEWERMENSKENNISGEWINGS</b>			
<b>Suid-Afrikaanse Reserwebank</b>			
<i>Goewermenskennisgewings</i>			
152	Wet op Depositonemende Instellings (94/1990): Aanwysing van bedrywighede wat nie binne die betekenis van "die bedryf van 'n depositonemende instelling" val nie (handelspapier en skuldbriewe).....	1	13723
153	do.: Aanwysing van 'n bedrywigheid wat nie binne die betekenis van "die bedryf van 'n depositonemende instelling" val nie (sekuriteringskemas).....	6	13723

**CONTENTS**

No.		Page No.	Gazette No.
<b>GOVERNMENT NOTICES</b>			
<b>South African Reserve Bank</b>			
<i>Government Notices</i>			
152	Deposit-taking Institutions Act (94/1990): Designation of activities not falling within the meaning of "the business of a deposit-taking institution" (commercial paper and debentures) .....	1	13723
153	do.: Designation of an activity not falling within the meaning of "the business of a deposit-taking institution" (securitisation schemes).....	6	13723